Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 67: 6 November 2015

OM TE HANDHAAF OF TE BOU?

Ondanks al die mooipraatjies en retoriek van die politici, en ook ondanks die neerdrukkende negatiewe uitsprake van die doemprofete, voel elkeen van ons dit baie deeglik aan die lyf dat tye besig is om regtig taai te word. Alles word duurder, maar salarisse trap water. Die ekonomie staan amper stil, en die vooruitsigte lyk alles behalwe rooskleurig. Ons sente is al blink omgedraai en die eise raak net hoër.

Dis dan in tye soos hierdie waar ons as Framesby-familie onsself moet afvra of hierdie skool kan bekostig om net te hou wat hy het en te sorg dat dit so goed as moontlik behoue bly, en of ons as mede-"aandeelhouers" meer sal wil sien.

As Framesby die beste aan sy leerlinge wil bly bied is die pad vorentoe taamlik steil. Soos baie reeds geskryf, kan ons maar vergeet van enige hulp en verligting van die regering of Onderwysdepartement. Inteendeel, die hoeveelheid staatsbesoldigde onderwysers word tans drasties verminder. Die skool, sy ouers en oud-leerlinge sal saam hieroor moet besluit en die bul dan by die horings moet pak, en dit eintlik vir ander mense se kinders wat nog hierheen moet kom.

Die spreekwoord lui dat bloed nie uit 'n klip getap kan word nie, en daarom kan niemand onrealistiese eise stel en resultate verwag nie. Dat ons kinders se opvoeding egter bepalend is vir hul uiteindelike lotsbestemminge, is ook onteenseglik 'n feit. Framesby is tans nog in 'n posisie om werklik die beste te kan gee, maar daar is geen waarborge dat dit binne die afsienbare toekoms steeds so sal wees nie. Sonder 'n sterk finansiële basis sal die fondamente van 'n uitnemende opvoeding stadig maar seker begin verkrummel en insak.

Met die 2016-begroting wat binnekort aan die ouers voorgelê word, is daar uiters versigtig omgegaan met alle uitgawes, en word daar deeglik rekening gehou met die finansiële druk waaronder ons huishoudings reeds verkeer. In die lig hiervan is dit dan eintlik onverstaanbaar dat sommige ouers, en eintlik 'n beduidende aantal van hulle, bereid is om op die rûe van die betalende ouers te ry, en nie 'n sent by te dra tot die skoolfonds nie. As ons hierdie skool op die voorpunt wil hou, kan Framesby nie 'n "no-fee" skool vir sommige wees nie!

Groei is noodsaaklik, maar die geldnood wurg ons almal, ook die skool. Dis tyd dat ons hande vat en vorentoe kyk. As hokkie in Framesby sal doodgaan sonder 'n Astro, moet ons een bou! Dan moet ons almal opstaan en die pad saam loop. Kom ons vertrou mekaar, aanvaar mekaar se *bona fide's*. Skuif die emosionele verdagmakery opsy en raak aan die hardloop met ons skool!

Dis elke ouer se plig om hom- of haarself te vergewis van die begroting vir volgende jaar. Sien u by die begrotingsvergadering!

BEGROTINGS-VERGADERING

19 November

SKOOLSAAL
19:00

Die begroting vir 2016 lê vir die volgende twee weke ter insae by die skool. Ouers wat belangstel om dit te besigtig, is welkom om 'n afspraak te maak.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Jaco Lourens 11G
Yulaine Palmer 11

Sondag
Luzaan Loots 9D
Genevé Stuurman 8G
Ethan Varnfield 11D

Maandag
Juan-Maré Dorfling 11F
Jayden Hattingh 8B

Dinsdag
Ryno Bothma 9F
Revonne van Brugggen 12B

Woensdag
Rolanda Swart 10D

Donderdag
Leandra Anderson 10
Donné Kritzinger 12E

Vrydag
Brendon Blignaut 8G

DINGE IS HIER AAN DIE GEBEUR

Bouprojek vorder!

NIE EENS EKSAMENS KAN ONS ATLETE STUIT NIE!

Terwyl die meeste ander Framesby-leerders vasgenael voor die boeke sit, maak heelwat ons atlete elke dag plek vir hul oefening. Hierdie toewyding en entoesiasme is beslis besig om vrugte op te lewer.
Op Vrydag 30 Oktober het die 4de FNL-byeenkoms by die Oval plaasgevind. Alhoewel ons deelnemers as gevolg van die eksamen gaandeweg minder raak het ons nietemin 6 eerste plekke, 7 derde plekke en 9 derde plekke verower. Dit was veral die ver- en die hoogspring-, gewigstoot-, diskus gooiers, asook die middelafstand-atlete wat die Framesby-vaandel gedra het.

Die volgende atlete het eerste plekke verower:
Lara de Bloe- 1ste- do/15- 1500m
Vicky Oelofse- 1ste-do/17- 1500m
Anneke Kapp- 1ste-do/19- gewigstoot
Roelof Roodt- 1ste- so/19- diskus
Tishian Viljoen- 1ste- so/15- hoogspring
Alexander Palm-1ste- so/17- driesprong

Baie geluk aan al hierdie atlete met die pragtige prestasie! Doen so voort!!

FOTO-BESTELLINGS REGTIG MAKLIK

Die laaste klompie skoolfoto's, waarvan die meeste groepfoto's van sportspanne en verenigings was, is aan die begin van hierdie kwartaal deur *Prestige* geneem en bestellings kan nou geplaas word.

Ons probeer elke jaar om die fotobestellings so maklik as moontlik te laat vloei. Alle fotos is beskikbaar op Prestige se webtuiste by die volgende adres:
http://www.prestigemoments.co.za/c1857/Photos.aspx
Die prosedure is baie eenvoudig.
Stap 1: Kliek op die "link"
Stap 2: Kliek op die foto waarna jy wil kyk.
Stap 3: Kies die grootte van die foto en kliek op "Add to cart"
Stap 4: Indien jy nog fotos wil bestel kliek "Keep Shopping". Indien jy klaar is en al die foto gekies het wat jy wil bestel, kliek op "Checkout"
Stap 5: Vul jou besonderhede in onder "New user"
Stap 6: Vul op die volgende bladsy verdure besonderhede in
Stap 7: Kliek "Continue"
Stap 8: Vul betalingsbesonderhede in

Indien jy nie van die internet-opsie gebruik wil maak nie, kan jy 'n bestelvorm en koevert by die Algemene kantoor kom afhaal. Merk al die fotos wat jy wil bestel af en plaas die regte bedrag geld in die koevert. Maak seker dat jou naam, van, graad en seksie op die koevert is sowel as op die bestelvorm aangebring is. Handig die bestelvorm voor 13 November by die Algemene kantoor in.

Alle bestellings wat voor 13 November ontvang word sal gratis by die skool afgelewer word. Enige bestellings wat daarna ontvang word sal posgeld bygereken word en na jou persoonlik gestuur word.

BOUPROJEK VORDER FLUKS!

Almal wat gereeld by die skool 'n draai maak is deeglik bewus van die gewerskaf daar waar die "wal" eens gestaan het.

Soos vroeër berig, is ons tans besig om 'n klere-winkel, twee dubbel-garages, sowel as 'n groot vertrek bo-op te bou. Die dringende behoefte aan vodoende stoorruimte vir ons voertuie het die projek aanvanklik genoodsaak. Ons beskik oor drie Mercedes Sprinter-busse, waarvan een reeds vir jare buite moet staan. Die garages waar die ander twee staan is besonder nou en die busse kan net met groot moeite daarbinne geparkeer word. Verder moet twee kleiner bussies ook buite staan. Met die vier nuwe stoorplekke wat nou gebou word sal al ons voertuie uiteindelik binne geparkeer kan word.

Die bestaande klerewinkel sal verskuif na die nuwe gebou. Alle skooldrag-items behalwe die skoolbaad-jies sal hier aangehou word, en daar word in vooruitsig gestel om selfs 'n wyer reeks klere-produkte hier te verkoop.

Die ruimte bo-op sal benut kan word as konferensie-gerief, toets- en eksamenlokaal en as onthaalsaal.

FRAMESBY BLY BESIG!

Moenie hierdie bees se loop MIS nie!

Koop ‘n kaartjie en glo die bees mik nie MIS nie, maar land op jou geluksblokkie! Dalk net wat jy nodig het vir Krismis! Gou speel, die kaartjies vlieg!

LAASTE FORUM VIR 2015

NOU TE KOOP BY ALGEMENE KANTOOR

R20

EKSAMENS VOLGENDE WEEK

Van Maandag af skryf alle leerders eksamen. Die reëlings is in die laaste paar Fakkelflitse deurgegee. Die belangrikste reeling is dat alle leerders om 07:40 by die skool aanmeld. Wanneer die klok lui gaan die leerders die eksamenlokaal binne waar die reëlings vir die res van die dag deurgegee word. Die eksamen eindig elke dag om 11:30. Daar sal GEEN middagsessies volgende week vir Graad 10 en 11 wees nie.

	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11
	07:40 – 11:30	07:40 – 11:30	07:40 – 11:30	08:30 – 11:30
Maandag 9 November	Natuurwetenskappe	English Paper 2	Wiskunde V2 Wisk. Gelett. V2	Rekeningkunde
Dinsdag 10 November	Afr. V2	Sosiale Wetenskappe	Geen eksamen	Geen eksamen
Woensdag 11 November	Tegnologie Eng. P3	Afr. V2	Besigheidstudies	Geen eksamen
Donderdag 12 November	Eng. P2	LO Eng. P3	Musiek V2	Fisiese Wetenskap V1
Vrydag 13 November	Sosiale Wetenskappe	Natuurwetenskappe	Fisiese Wetenskap V1	Besigheidstudies

ALGEMEEN EN SIELSKOS

ALLES WERK TEN GOEDE MEE

DIT getuig van 'n onbegrensde vertroue in Gods almag as Paulus in Rom. 8:29 skryf: ``Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.'' Die merkwaardige is dat hy nie slegs sê dat God alles vir sy eie saak, die koms van sy koninkryk, ten goede laat meewerk nie, maar dat hy dit ook sê van diegene wat daarby betrokke is, wat uit liefde geroep is en daarop met wederliefde antwoord. Daarmee bedoel Paulus kennelik ook vir ons, vir ons wat in Gods liefde glo en, hoe flou en swak dan ook, ons hart daarvoor oopstel. Ook vir ons laat God alles ten goede meewerk met die oog op ons heil, op ons ewige vreugde. Paulus sê: Ons weet dit. Maar hoe weet ons dit? Beslis nie net uit eie ervaring nie. 'n Mens se ervaring is te grillig, te gemeng, te vol teleurstelling om bloot op grond daarvan sulke ingrypende gevolgtrekkings te kan maak. Ons weet dit uit Gods Woord, uit sy weg met sy volk soos dit uit die Bybel blyk, en uit sy beloftes dat Hy in sy voorsienigheid ons hele lewe omvat. Ons weet dit veral uit die geskiedenis van Jesus, waarin God uit die duisternis van die kruis die lig van die opstanding en die ewige heil te voorskyn geroep het. Maar ons weet tog ook uit eie ervaring iets daarvan. As ons met 'n geloofsoog na ons eie lewe kyk, merk ons self hoe alles wat met ons gebeur het, die goeie en die kwade, uiteindelik tot ons beswil gedien het. Ondanks al die grillige en verwarrende van ons lewensgeskiedenis kan ons terugskouend met dankbaarheid iets van die voorsienigheid van God daarin ontdek. Soms verstaan ons die voorsienigheid van God verkeerd. Ons dink daaraan hoofsaaklik as die voorbeskikking van God en meen dan dat alles wat gebeur, vooraf so deur God bepaal is. Dit is egter suiwerder om dit eerder te verstaan as die mag wat God oor alle dinge het, selfs oor die werke van die duiwel en die goddelose mens, om dit so te beheer dat dit uiteindelik sy doel bereik en ons beswil dien. Ons is geneig om onder ``alle dinge'' heel eerste die kwaad en lyding wat oor ons pad kom, te verstaan. Dit is begryplik en pas ook in by Paulus se betoog in Rom. 8. Maar dis kortsigtig om te dink dat die goeie dinge - voorspoed, sukses, geluk - vanself tot ons beswil sal dien. Dit is nie vanselfsprekend nie. As God ons nie bewaar nie, kan juis sulke dinge struikelblokke op ons weg word en ons van God vervreem. Daarom moet ons ``alle dinge'' in 'n omvattende sin verstaan. En dit sluit ook ons sonde in. Dit is 'n huiweringwekkende belydenis. Tog leer die Bybel dit. God wil nie die sonde nie en is ook nie die oorsaak daarvan nie, maar as dit eenmaal daar is deur ons skuld, is Hy so magtig dat Hy selfs dit kan opneem en ombuig tot sy verheerliking en tot ons heil. Wat 'n troos! In sy almag vang God nie net ons pyn en trane nie, maar selfs ons mislukkings in sy ewige sorg op.

Uit *Die* Burger van 4 Mei 1991

GOEIE VORDERING MET DIE GARAGES EN NUWE TELBORD

Graad 12- eksamen

Die Graad 12-ekssamen bereik hierdie week die halfpadmerk. Dis maar 'n spanningsvolle tyd en die standaard van die vraestelle is vanjaar besonder hoog. Kom ons dra hierdie Matrieks elke dag in ons gebede op!

VAKKE HIERDIE WEEK

GRAAD 12		
	09:00	**14:00**
Maandag 9 November	Fisiese Wet. V2 (3 ure)	
Dinsdag 10 November		IGO V2 (3 ure)
Woensdag 11 November	Geen eksamen	Geen eksamen
Donderdag 12 November	Besigheidstudies (3 ure)	
Vrydag 13 November	Lewenswet. V1 (2½ ure)	IT V2 (3 ure)